LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

25-01-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 3 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

Ouers word vriendelik versoek om asb in die middae by die parkie vir u kinders te wag en nie voor die klasse nie!
ONTHOU ASB DAT ONS SKOOL 'N ROOKVRYE ZONE IS!
Dankie vir u samewerking!

1 **ATLETIEK 2016:**

- **SUPER 8:**
  Baie geluk aan ons atlete met julle pragtige prestasies by die Super 8. Baie geluk aan Danielle Verwoerd wat aangewys is as die Victrix-Ludorum Senior dogter vir die byeenkoms. Dankie dat julle ons Volkie-naam hoog gehou het!
- **WOENSDAG, 27 JANUARIE 2016, ATLETIEK TE VAN RIEBEECKPARK.**
  SKOOL VERDAAG OM 13:00, WANNEER DIE BUS VERTREK.

2 **KULTUURAAND:**

Datum: 19 Februarie 2016
Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Poortjie saal
Drag: Formeel
Gaskunstenaars: Kevin Leo en Jakkie Louw
Koste: R300 per persoon
Kaartjies: Beperkte aantal sitplekke is nog beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.

3 **VEILIGHEID VAN LEERDERS:**

Ouers, gebruik ASSEBLIEF die Padpatrollie voetoorgang. Die veiligheid van ons leerders is nie onderhandelbaar nie!

SAJCC – South African Junior Chess Championship: 3 – 10 Januarie 2016 te UCT Kaapstad.

13 Van Laer Volkskool se leerders het aan die SAJCC te UCT in die Kaap gaan deelneem, waar hul Sedibeng in hul onderskeie spanne verteenwoordig het. Hierdie leerders het bo verwagting presteer en beslis die Volkie naam hooggehou. Van ons leerders se wedstryde het soms vir meer as 3 ure geduur en glo dit of nie, hul het as die wenners uit die stryd getree.

Groepsafdeling – 3-7 Januarie:

Sedibeng o/8A span: **Div Huisamen** (Bord 1), **Louis Human** (Bord 2) en **Gabriella Roos** (Bord 5) was deel van die Sedibeng o/8A span. Die span het slegs uit 6 leerders beslaan en 3 van die 6 uit die hele Sedibeng was Volkies. Die span eindig 5de. Div Huisamen het 5.5 van sy wedstryde gewen en het weggestap met die bord 1 bordprys.

Sedibeng o/10A span: **Brandt Huisamen** (Bord 1), **Danielle de Villiers** (Bord 3), **Pieter Human** (Bord 4) en **LJ de Villiers** (Bord 5) was deel van Sedibeng o/10 A span. Uit die 10 spelers in die A span was 4 van die top 5 spelers Volkies. Die span eindig algeheel 4de. Brandt het 5 wedstryde gewen. Pieter 4 wedstryde en LJ 4.

Sedibeng o/12A span: **Stefan Schonken** (Bord 5), **Lisa-Marie de Villie**rs (Bord 7). Lisa-Marie wen 5 van haar wedstryde.

Sedibeng o/12B span (Hierdie span het uit o/10 en o/12 spelers bestaan): **Roxanne Roos** (Bord 5), **Anika Coetzee** (Bord 7)

Sedibeng o/14A span: **Stefan Grobler** (Bord 1), **Claryn van Niekerk** (Bord 7)

Individuele Wild Card afdeling: 8 – 10 Januarie

Div Huisamen het aan die o/8 seuns Wild Card deelgeneem. Hy wen 5.5 van sy wedstryde en eindig algeheel 2de!!!

Lisa-Marie de Villiers speel o/12 dogters Wild card. Sy wen 5 van haar wedstryde en eindig algeheel 6de!

Div Huisamen, Brandt Huisamen en Lisa-Marie de Villiers kwalifiseer om aan die SAJCCC (South African Junior Closed Chess Championship) te Bloemfontein in April te gaan deelneem. Net die top spelers uit elke ouderdomsgroep in die land word na hierdie toernooi toe uitgenooi!

Alle leerders word aangemoedig om aan te sluit by die **HEIDELBERG SKAAK KLUB**. Kontak asb vir Me Marie-Louise Human by 0825764260. Die 1ste oefening begin reeds 29 Januarie te Hoër Volkskool vanaf 18:00 - 20:00.

SKAAKOEFENTYE IS VOORLOPIG SOOS VOLG: ONS BEGIN 8 FEBRUARIE 2016
Juniors is op Maandae vanaf 16:00 - 17:00 en Seniors op Woensdae vanaf 14:30 - 15:30.

5 **ATLETIEK OEFENTYE:** MAANDAE, DINSDAE EN DONDERDAE

	HOOGSPRING	VERSPRING	GEWIGSTOOT
0/10	14:00 - 14:25	14:50 - 15:10	14:25 - 14:50
0/11	14:25 - 14:50	14:00 - 14:25	15:10 - 15:30
0/12	14:50 - 15:10	15:10 - 15:30	14:00 - 14:25
0/13	15:10 - 15:30	14:25 - 14:50	14:50 - 15:10

	HEKKIES	LANGAFSTANDE
0/10	15:10 - 15:30	14:00 - 15:30 vir ALMAL
0/11	14:50 - 15:10	
0/12	14:25 - 14:50	NAELLOPE
0/13	14:00 - 14:25	14:00 - 15:00 vir ALMAL

6 **RUGBY**:

- Oefening begin Maandag, 8 Februarie vir 0/9 - 0/13.
- Pa en Seun rugby-braai is op 10 Februarie 2016.
- Super 8 rugby- en netbal vind vanjaar weer plaas in Kroonstad vanaf 8-9 April.
- Oefentye: Maandae, Dinsdae en Donderdae

SPAN	TYD	AFRIGTERS
0/9	14:00-15:00	Mnr Tiaan & Mnr Jaco
0/10	14:45 - 15:45	Mnr Lardus & Mnr Jaco
0/11	15:30 - 16:30	Mnr Piet & Ds Danie
2des	16:15 - 17:15	Mnr Dawie & Mnr Cassie
1stes	16:15 - 17:15	Mnr Lardus & Mnr Tewis

7 **NETBAL**:

- Alle 0/9 - 0/13 netbaldogters begin 8 Februarie oefen.
- Konka kliniek is op 25 en 26 Januarie vanaf 14:00 tot 16:00. Koste beloop R280 vir 0/9 - 0/12 dogters. Die 0/13 dogters gaan later toer.
- Oefentye: Maandae, Dinsdae en Donderdae

0/9; 0/10 en 0/11	14:15 - 15:15
0/12 & 0/13	15:15 - 16:15

8 **SKOOLREDENAARS VIR 2016:**

Seniors - 10 Februarie Juniors - 11 Februarie

Besoek gerus atkv@org.za vir wenke en riglyne i.v.m. toesprake.

9 **"LOCKERS":**

Daar is lockers beskikbaar vir die Graad 4-7 leerders teen R200 per jaar. Indien u belangstel, kry 'n vorm by Tannie Heléne by Volkie Vere klerewinkel. Dié wat eerste hulle vorms voltooi en gelde betaal het, gaan gehelp word.

10 **COMPU-IQ:**

Elke leerders het 'n vorm ontvang van bogenoemde sagteware spesialiste. Indien u belangstel vir ekstra hulp, kan u net die vorm voltooi en terugstuur skooltoe.

11 **SWEM**:

Volkies wil graag vir 2016 ons eie swemspan saamstel vanaf 0/7-0/13. Swemuitdunne is Vrydag, 29 Januarie vanaf 14:00 in Du Preez Str by die Swemskool. Kontak Mev Christine Lee 0825644886

12 **PRODUKSIE 2000:**

Op 1 Februarie 2016 word ons skool besoek deur Produksie 2000 met "Die Web van Bedrog" teater stuk. Die produksie bekyk redes waarom kinders oneerlik is van nader en wys dat oneerlikheid altyd negatiewe gevolge sal inhou wat mense seermaak. Waarheid, as 'n kern lewenswaarde word as die beste opsie uitgewys. Die teks is in samewerking met 'n bekende Opvoedkundige Sielkundige ontwikkel. Hierdie produksie beloof om u kind end-uit te boei! Net ons Graad 1-7 en LSEN leerders moet asb R15 inbetaal by die registerklasse.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF